

**7 Februarie 2003**

**Prof F Fourie**

Geagte prof Fourie, beter bekend as prof Frederick op ons kampus. Die akademici wens u hartlik geluk met u aanstelling as rektor. Soos by enige aanstelling van hierdie formaat, het ons gewonder hoe gaan die mens agter die aanstelling lyk; en wat is die spesifieke persoonlikheidseienskappe wat so iemand laat ingle in die raam van die werk wat voortaan behartig moet word?

Hierdie keer was dit nie nodig om lank te wonder nie. In u as nuwe nuut verkose jeugdige rektor het ons universiteit 'n sonderlinge samestelling van pluspunte, en uiteenlopende belangstellingsveldelike gekry.

Nie alleen het ons die stiptheid enakkuraatheid van die ekonomiese wetenskappe in u benadering reeds as vise-rektor ervaar nie, maar ook die soepelheid én die fermheid van 'n goeie bestuurder, die diep nadink van die filosofie, en die onkonvensionele en vernuwende denke van 'n entrepreneur. Hierbenewens het u ook 'n fyn aanvoeling vir musiek in 'n waardering vir die natuur.

We are convinced that you as an academic, manager and human being will see that the fine balance between academic refinement and quality, as well as the sensible and innovative management of an institution, is embodied successfully in the total image of our university. As academics we know that you are capable to walk in front, to hew out new roads, and to be steadfast in blazing a trail. Prof. Frederick, may your term of office at our university be a fulfilling experience! We feel privileged to have you as leader - congratulations!

Ons is oortuig dat u as akademikus, bestuurder en mens sal toesien dat die fyn balans tussen akademiese verfyning en gehalte én die verstandige en innoverende bestuur van 'n inrigting op 'n geslaagde wyse, in die geheelbeeld van ons universiteit gestalte sal kry. As akademici wéét ons dat u in staat is om vóór te loop, om nuwe paaie uit te kap en doelgerig die koers aan te dui. Prof. Frederick, mag u u ampstyd aan hierdie universiteit vervullend vind! Ons voel bevoorreg om u as leier te hê, Veels Geluk!